# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

09/12/2011


## TANNIE FRANZIE & OOM JOHAN GROET

Tannie Franzie en Oom Johan Steynberg het besluit om aan die einde van die jaar Pinehurst te groet en weer rustig in hul pas-opgeknapte huis te gaan woon.



Tannie Franzie was vir die afgelope vier en 'n half jaar die huismoeder vir die dogters van Pinehurst terwyl Oom Johan die "nie-amptelike tuinman cum landdros" was! Hulle sal beslis 'n groot leemte laat.

Die koshuisgemeenskap gaan hulle mis, maar ons wens julle 'n rustiger tydjie toe. Baie dankie vir alles wat hulle vir Pinehurst beteken het!

## LOSIESGELD VIR 2012:

Ná aanbeveling van die Koshuisraad, het die Beheerliggaam die losiesgeld vir 2012 gering aangepas. Dit gaan 'n ouer nou R2850 [R2650 in 2011] per leerder per kwartaal kos.

Die gemiddelde kwartaal bevat ongeveer 11 weke [77 dae] en dit bedra ongeveer R37 per leerder per dag!

Ouers het almal die nuwe finansiële vorm vir 2012 ontvang en indien dit nog nie ingelewer is nie, moet ons dit die eerste dag met aankoms by die koshuise ontvang word.



Losiesgeld is betaalbaar <u>voordat</u> 'n leerder tot die koshuise toegelaat mag word.

Baie dankie vir u samewerking.



*Ons wens u en u gesin 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2012 toe.*

## ANICA POTGIETER, PINEHURST SE TROTS!

Die dogters van Pinehurst is nie min trots op Anica nie - sy is Hoërskool Oudtshoorn se hoofdogter en boonop is sy ook een van die uitgesoektes wat genooi is om in Desember 2011 deel te wees van die *Die Burger se Leierskonferensie.*

Baie geluk - ons is trots op jou!

## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Huismoeder: Me Ida Schmitt | 082-3744434 | jsch@telkomsa.net |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me Marianne Niehaus | 078-5025966 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Huismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Mnr. Stephan Viljoen | 073-1559999 | |
| Mnr. Gerrit Oosthuizen | 072-9467562 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za



### SOPHIE GROET NÁ 32 JAAR

Die gange van Pinehurst sal nooit weer dieselfde wees nie - na 32 jaar tree Sophie Damons aan die einde van die jaar af as huishoudings-werker.

Sophie het begin toe die dogters nog in Huis Naudé [oorkant die polisiekantoor] gebly het. Sy het al baie superintendente en huis-moeders sien kom en gaan.

Ons wens Sophie 'n rustige aftrede toe!

### BUSROETES VIR KOSHUISLEERDERS INGESTEL

Ná ondersoek en fyn beplanning is twee busroetes ingestel om ons leerders te bedien. Die twee roetes is soos volg:

**KAROO-ROETE:** De Rust, Klaarstroom, Prins Albert, Prins Albertweg, Leeu-Gamka, Beaufort-Wes.
**TUINROETE:** George, Groot-Brakrivier, Hartenbos, Mosselbaai.




Die bussies sal elke Tuisnaweek loop en die stelsel werk soos volg: Die leerder vul die besprekingsvorm teen Woensdagmiddag in en betaal die bedrag in by mev. Susan van der Walt, wat 'n kwitansie uitreik. Hierdie kwitansie toon die leerder dan as hulle op die bus klim Vrydagmiddag direk ná skool. Vir enige navrae kan u mnre. Dave van der Walt [044-2722580] of Gerrit Rudolph [044-2791755] skakel.